# Eldo-Gespreksgids

## Huistu (Waarnatu reeks) Kol 3: 18-21; Ef 5: 21-30

Ons huise het baie "deure": die voordeur wat mense sien, en die agterdeur waar die ware lewe gebeur. So is dit ook met ons gesinne. Mense sien dikwels net die netjiese, mooi kant, maar God sien ook die plekke waar daar spanning, seer, stilte en mag speletjies is. Hierdie studie nooi ons om eerlik na ons gesinsverhoudings te kyk en dit onder Christus se heerskappy te bring.

**Bybelse Fondasie**

Paulus se woorde in Kolossense 3:18–21 en Efesiërs 5:21–30 word dikwels verkeerd verstaan. Op die oog af lyk dit soos 'n eenvoudige hiërargie: vrouens moet onderdanig wees, mans moet liefhê, kinders moet gehoorsaam wees. Maar binne die Romeinse wêreld was hierdie woorde radikaal. Mans het destyds byna absolute mag gehad oor hulle huishoudings. Teen hierdie agtergrond kom Paulus met 'n nuwe perspektief: Christus is die ware Hoof. Daarom begin Efesiërs 5 nie met "vrouens" nie, maar met: "Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig" (Ef. 5:21) In Christus se koninkryk gaan dit nie oor beheer nie, maar oor diens.

**Christus as Voorbeeld**

Jesus wys vir ons hoe ware leierskap lyk toe Hy die dissipels se voete was. Hy, die Here en Meester, neem die rol van 'n dienskneg aan. Daarmee herdefinieer Hy status en mag. In ons gesinne beteken dit dat niemand "baas" is nie, maar almal geroep is om mekaar te dien.

Die kernvraag word dan: "Hoe kan ek jou help?" Hierdie eenvoudige vraag weerspieël Jesus se hart. Hy het nie gevra wat Hy kon kry nie, maar wat Hy kon gee, selfs tot die kruis.

Ons leef in 'n ander wêreld as Paulus, met veranderde rolle en strukture. Tog bly die beginsel dieselfde: onderdanigheid aan Christus en diens aan mekaar. Wanneer ons ophou om mekaar te probeer beheer en begin om mekaar te dien, verander die atmosfeer in ons huise

Só word 1 Korintiërs 13 nie net 'n "trougedig" nie, maar 'n leefwyse wat ons gesinne vorm. Die vraag "Waarnatu? Huistu?" word 'n geestelike uitnodiging: Kan ons huise plekke wees waar Christus regeer, waar diens belangriker is as mag, en waar liefde sigbaar word? As elkeen begin vra: "Hoe kan ek jou help?", kan God ons gesinne genees en vernuwe.

## Gespreksvrae

- Watter "deur" van mense se gesinslewe wys hulle gewoonlik vir ander, en watter deel bly agter gesluit? Waarom dink jy so?
- Hoe help die agtergrond van die antieke wêreld ons om Kolossense 3 en Efesiërs 5 beter te verstaan?
- Wat beteken dit prakties in jou huis om "aan mekaar onderdanig" te wees?
- Watter konkrete stap kan jy hierdie week neem om die vraag "Hoe kan ek jou help?" in jou gesin uit te leef?

**25 Jan 2026**